

## #HoeNou?! – Episode 20: SWERNOTE EN SWERKATERS

### Oor swernote en swerkaters

Die skelwoord “swernoot” is een van die oudste skelwoorde wat in Afrikaans opgeteken is. Oor “swerkater”, daarenteen, weet ons bitter min. Waar kom die woord “swernoot” vandaan?

### Het jy geweet?

- 1884: Die woord “swernoot” (gemene vent) word opgeteken met die voorbeelde: “jou swernoot’s kind” of “ik sel jou op jou swernoot gee!”
- 1734: “swernoet” - opgeteken as “swernoets kindere”.
- 1865 – 1870: Nederlands: “zweernood” (kragterm ter versterking van wat gesê word, moontlik “duiwel”). Opgeteken as: “loop naar den zweernood!”. Ook “swernood, swerenood, zwernood, zwennoord, sjauernoot”.
- 18e eeu: Duits: “schwerenöter” (vervloekte man). Afleiding (persoonsnaam) van “Schwerenot” – iemand wat vervloek is om epilepsie te kry. In hedendaagse Duits beteken die woord: rokjagter, verleier of charmeur. Soms ook persoon wat vloek.
- “Schwerenot!” – uitroep, verwensing, vervloeking: “Kry epilepsie!”
- 17e eeu: Nuwe Hoog-Duits: “Schwere Not” – Wat letterlik “swaar nood” beteken en verwys na ‘n psigiese of breinaandoening en spesifiek epilepsie.

### Swerkater

Ons weet min oor die herkoms van *swerkater*.

- 1938: In die bundel verhale *Boplaas* van Boerneef:
  - “Gert het 'n groot lyf en dikwels ook 'n groot bek, maar sy moed sak maar gou. Hy kry swaar en word hoe langer hoe meer die swerkater in vir oom Piet se aanjaery en spottery” (Boerneef. 1938. *Boplaas*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel. || Boerneef. 1979. *Versamelde Prosa*. Kaapstad: Tafelberg. pp. 45-46).
- In bogenoemde sin sou ‘n mens die woord “swerkater” kon vervang met “die duiwel in!”

### Interessant:

- In die Middeleeue het katter ‘n simbool van Satan self geword; dink maar aan die assosiasie tussen hekse en katter.
  - In Nederlands is ‘n mannetjieskat ‘n *kater* (en ‘n wyfiekat ‘n *kattin* of *kateres*)
- So het *kater* – en veral samestellings met *kater* – dan gebruikelike skelname geword.

- En as 'n verwensing dat die bliksemstrale jou moet kom haal, ook *bliksemkater*, wat later *bliksekater* word en wat ons dan kry as *blikskater*.

Die teorie is nou dat *swerkater* dus 'n versmelting is van *swernoot* en *blikskater*, na alle waarskynlikheid as 'n versagting van beide.

#### Bronne:

- [The devil's advocate | Life and style | The Guardian](#)
- [KATER - WNT \(Woordenboek der Nederlandsche Taal\) \(ivdnt.org\)](#)
- [DUIVEKATER - WNT \(Woordenboek der Nederlandsche Taal\) \(ivdnt.org\)](#)

---

BOSHOFF EN NIENABER 1967

- **blikskater**: s.nw., "niksnuts" (skelw.); b.nw. en bw. (gew. met -s), "erg, verduiwels", so ook *blikskottel(s)*, vgl. ook *swerkater* (met ww. *beswerkater*); Ndl. het o.a. *blikse(m)kater* en *duive(l)kater* as ben. vir die duiwel, alma! sg. bastvl., d.w.s. eufem. versagteskelw., v. blits en kater I.
- **swerkater** v. blikskater.
- **swernoot**: - *swernoter* -, gemene vent; Hd. *schwerenoter*, (aanv. v.) "iemand wat d. *schwere not* (epilepsie) toegewens word", (sedert end 18e/begin 19e eeu) alg. skelw.

**BRON EN EIENDOMSREG:** GERHARD VAN HUYSSSTEEN EN SU-AN MÜLLER-MARAIS.